

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 23: Pekudei (פקודי) – Berekening

Dit is die berekening van die tabernakel, die tabernakel van die Getuienis, soos dit bereken is op bevel van Moshe, vir die diens van die Leviëte, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester. Ex. 38:21 – PWL¹

Torah: Exodus 38:21 tot 40:38

Haftorah: 1 Kon. 7:51 tot 8:21

Nuwe verbond: Matt. 17:2; 2 Kor. 9:1 tot 15; Efes. 6:14; Open. 3:4, 5 en 18; Open. 7:13 en 14; Open. 11:19; Open. 15:5 to 8; Open. 19:8.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 22 wat afgelaai kan word by: [Parashah23Notas14](#) of by [Parashah23Notas15](#).

When the church and the world can jog comfortably along together, you can be sure something is wrong. The world has not compromised – its spirit is exactly the same as it ever was. If Christians were equally as faithful to the Lord, separated from the world, and living so that their lives were a reproof to all ungodliness, the world would hate them as much as it ever did. It is the church that has compromised, not the world – Catherine Booth.

What lies behind us and what lies before us are small matters compared to what lies within us – Ralph W. Emerson

Don't try to bring the Word of God down to your level. Let it pull you up to its level – David MacDonald.

Forgiveness does not change the past, but it enlarges the future – Paul Boese.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word..

Torah Bespreking

Hersiening

Die gebeure in ons jaarlikse studie van Torah tot op hede kan soos volg opgesom word:

1. In Genesis is die ‘saad’ van die volk van Israel geplant. In Exodus het hierdie ‘saad’ ontkiem en gegroei – eers as ‘n klein familie, maar wat in Egipte as slawe gegroei het tot ‘n groot nasie! Hierdie is die volk wat YHVH van die Egiptiese slawejuk bevry het.
2. Na hierdie kragdadige bevryding van die slawejuk, en na die deurtog deur die Rooisee, het Israel ‘n ontmoeting met YHVH by die berg Sinai gehad waar YHVH met hulle ‘n bloedverbond gesluit het – die boek van die verbond. Hiervolgens sou Israel YHVH se koninkryk van priesters en afgesonderde volk wees. Hierdie verbond is egter deur Israel verbreek met die aanbidding van die goue kalf.
3. Die gevolg was dat Israel nie meer ‘n volk van priesters (die eersgeborenes) was nie, maar ‘n volk met priesters (die Levitiese priesterorde) geword het. Daarom het YHVH deur Moses vir hulle die boek van die wet gegee wat as tugmeester sou dien tot Yeshua se koms.
4. Ten einde voortdurend in hulle midde te kon woon, asook om YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid voortdurend te ervaar, het YHVH hulle beveel om ‘n tabernakel te bou. Hierdie ‘mobiele tempel’ het vir sowat veertig jaar saam met hulle getrek tot hulle uiteindelik in die Beloofde land gevestig was. Hierdie tabernakel was in alle opsigte ‘n heenwysing (sinnebeeld) van Yeshua as die Lam van YHVH en as Ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek!

YHVH se Huis

Ons het gekom aan die einde van die tweede boek van Torah en in hierdie week se parashah leer ons dat die tabernakel vervaardig en opgerig is presies volgens YHVH se voorskrifte aan Moses. Eers nadat alles voltooi was (Ex. 39:32), het YHVH se Heerlikheid (die Gemanifesteerde Teenwoordigheid) die tabernakel gevul (Ex. 40:34 en 35).

So het Moshe dan die werk voltooi en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die tent gevul. Moshe was nie in staat om in die Tent van Ontmoeting in te gaan nie omdat die wolk daarop gerus en die Teenwoordigheid van יהוה die tent gevul het.

Ons het geleer dat die eerste letter van die eerste woord (*b'reisheet*) van Torah in Gen. 1:1 is *bet/vet* (ב) en beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding*, *hoof van die huis* en *koning op 'n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus ‘n sinnebeeld van ‘n huis en ‘n huishouding en die Vader van die huis, asook van ‘n koning en koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van YHVH en dus op die tempel en YHVH se ewige aardse woning.

Volgens die nuwe verbond is ons elkeen die tempel (huis, woning) van die Afgesonderde Gees (1 Kor. 3:16 en 6:19) en gesamentlik vorm ons ‘n hele gebou wat goed saamgevoeg word en verrys tot ‘n afgesonderde tempel in Messias (Ef. 2:19 tot 21; Rom. 4:16 en 9:8 en 11, Gal. 3:7, 9, 14, 28 en 29; 1 Pet. 2:5).

Die Skrifte begin dus met ‘n ‘huishouding’ (‘n huis) van YHVH en eindig met ‘n herstelde ‘huishouding’ (huis).

Die twaalf poorte was twaalf pèrels; elkeen van die poorte is gemaak uit een pèrel en die straat van die stad is suiwer goud, asof daar glas in is en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel. Open. 21:21 en 22.

Soos dit in die tuin van Eden aan die begin was, so sal dit wees in die einde van dae. Die ware tempel (tabernakel) van YHVH is nie die fisiese tempel nie, maar wel die geestelike tempel wat YHVH in die begin geskape het en in die einde van die eeue volledig en volmaak sal herstel.

Ina van Niekerk verduidelik dit soos volg (Sien die aangehegte skets aan die einde van die notas op bladsy 9 hoe elke huis sy Torah het):

Net soos wat in my huis sekere reels geld, so het my buurman se huis weer sy eie reels.

Van die begin af, sedert Eden, was daar al die Torah van JHUH/Elohim in die Tuin van Eden wat JHUH se Huis/Sy teenwoordigheid was.

Nadat Adam en Eva daaruit verban is weens gehoorsaamheid aan die slang en ongehoorsaamheid aan JHUH se Torah/Sy opdrag aan hulle, word Sy teenwoordigheid/Huis in die fisiese realm beskikbaar gemaak vanaf Hemelse plekke soos wat Jakob by Bet-El (HUIS van El) beleef het in Gen. 28. Dit toon dat die Hemelse met die Aardse sal verbind via ‘n leer wat heenwys na Messias JaHUsHa.

Jakob word Israel, het 12 seuns wat die 12 stamme van Israel word, en die voorsiening van die Huis van Elohim/Sy teenwoordigheid kom weer in sig as ‘n belofte (Heb. 11:10, 16, 39 – 40) en sal uiteindelik beleef word in die 7e Millennium (Sabbatsrus van Heb. 4) as die Nuwe Stad Jerusalem wat uit die Hemel neerdaal met die 12 stamme as Fondasie (wat terugwys na Gen. 28).

Die Tabernakel van Elohim is dan by die mense, dit wat Jakob in ‘n droom beleef het, is dan vervul (Open. 21:3, 22).

Maar intussen het ‘n fisiese Tabernakel tot stand gekom weens die aanbidding van die Goue Kalf. Dis die Huis van Moses (Heb. 3:2, 5). Daardie Huis het sy eie reëls, naamlik die Torah van Moses.

Daar vind ‘n verandering plaas nadat JaHUsHa gesterf en opgestaan het (Heb. 7:12), en die Huis van Moses vervaag en word geabsorbeer in die huis van die Seun, JaHUsHa Messias (Heb. 3:1 – 4, 6).

Die Seun se Huis het sy eie Torah, naamlik die Torah van die Messias (en het die Torah van Moses geabsorbeer, want dit net heengewys na die geestelike wat sou kom as Torah van Messias).

Die fisiese is net ‘n skaduwee van die geestelike, daarom kan ons nie die skaduwee van die Hemelse Tabernakel navolg as die Hemelse Tabernakel reeds vir ons binne bereik is via JaHUsHa as die Leer nie.

Maar verwerp of verloën Hom, en al wat jy het is die fisiese, die skaduwee.

Vir meer duidelikheid, lees ook: [Die Torah Van Die Messias Finaal](#)

Bepeins of Bespreek:

1. Ons leef in die einde van dae waar elkeen van ons moet *pekudei*, naamlik ‘n opname (berekening) moet maak van ons geestelike welsyn! In watter huis woon jy? In die huis van YHVH soos dit in Yeshua vervul is, of in die huis van Rabbynse Judaïsme? Ons was waarskynlik almal vasgevang in die misleiding van die Christendom. Is ons seker dat ons nie moontlik vasgevang is in die misleiding van hedendaagse Rabbynse Judaïsme nie?! Het jy al moeite gedoen om die leerstellings van Rabbynse Judaïsme te ondersoek en dit oop te graawe tot by die wortel?

‘n Ewige Priesterskap

YHVH het aan Moses gesê:

Op die eerste dag van die eerste maand, moet jy die Tent van Ontmoeting oprig. Ex. 40:2

Alles was vooraf klaar vervaardig vir die tabernakel. Alles was uitgevoer volgens YHVH se opdrag en was ‘n replika van die hemelse tabernakel (Heb. 8:2 en 5; Heb. 9:11). In Exodus hoofstuk 40 lees ons dan hoe Moses die tabernakel opgerig het, Dit het plaasgevind in die eerste maand, in die tweede jaar, op die eerste van die maand, dat Moses die tabernakel opgerig het (Ex. 40:17).

Nadat Moses die tabernakel opgerig het, het hy alles met die spesiale salfolie gesalf en toegewy (afgesonder).

Jy moet die salfolie neem en jy moet die tent en alles wat daarin is salf en dit afsonder met alles wat daarby hoort en dit sal afgesonderd wees. Ex. 40:9.

So ook moes Moses vir Aäron en sy seuns laat naderkom na die ingang van die tent waar hy hulle met water gewas het, en waarna hy hulle afgesonderde klere aangetrek het en hulle met salfolie gesalf het sodat hulle as priesters vir YHVH diens kon doen.

Jy moet ook sy seuns laat kom en vir hulle die klede aantrek. Jy moet hulle salf, soos jy hulle vader gesalf het en hulle moet My dien as priesters, want hulle salwing sal vir hulle ‘n ewige priesterskap wees, in hulle geslagte. Ex. 40:14 en 15.

Aäron en sy seuns se salwing sal vir hulle ‘n ewige priesterskap wees! Volgens hierdie salwing het Aäron en sy nageslag die reg ontvang om ‘n ewige priesterskap te wees.

Maar ons het in vorige parashot geleer dat die Levitiese priesterskap eers na die aanbidding van die goue kalf ingestel was. Is hierdie priesterskap dus ‘n priesterskap met ‘n begin en sonder einde? Hierdie vraag kan slegs beantwoord word indien ons die betekenis van die Hebreeuse woord vir *ewig*, naamlik *olam* verstaan!

Kom ons begin deur te kyk na enkele ander teksverse waar die woord *olam* (ewig) ook in voorkom. Verwysend na die Shabbat lees ons:

Daarom moet die seuns van Yisra’el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as ‘n ewige (olam) verbond. Dit is ‘n ewige teken tussen My en die seuns van Yisra’el, want in ses dae het יהוה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.’’ Ex. 31:16 en 17.

In die KJV lees dit: *Wherefore the children of Israel shall keep the sabbath, to observe the sabbath throughout their generations, for a perpetual covenant.*

Ten opsigte van die offerande op die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) is YHVH se opdrag die volgende:

Dit moet vir julle 'n ewige (olam) instelling wees om vir die seuns van Yisra'el, weens al hulle sondes, een maal per jaar toedekking te doen." Hy het gedoen soos יהיה Moshe beveel het. Lev. 16:34.

Hiervolgens is die Shabbat, soos die Levitiese priesterskap vir ewig, asook die jaarlikse offerande op die dag van Versoening (*Yom Kippur*) 'n ewige instelling. Kan dit waar wees? Nee, want Yeshua is die vervulling van *Yom Kippur*. Sedert Yeshua se folterdood en opstanding word daar nie meer jaarliks versoening gedoen volgens die onderrig en instruksies van Levitikus hoofstuk 16 nie, want Yeshua was die eenmalige versoeningsoffer gewees!

Net so is die offerandes ewige insettinge (Lev. 3:17; Lev. 6:18 en 22), maar is ook in Yeshua vervul, want hy was die eenmalige offerande.

Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie, maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd, wagtend verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is. Heb. 10:11 tot 13.

Volgens bogenoemde teksverse is dit duidelik dat die Hebreeuse woord *olam* nie noodwendig vir ewig – begin sonder einde beteken soos ons dit verstaan nie! Laat ons dus die betekenis van *olam* ondersoek.

Volgens Strong's Hebrew and Greek Dictionary (H5769) beteken *olam*:

- Vir ewig; ewigdurend; 'n begin sonder einde.
- Dit wat verberg (weggesteek) is; 'n toekomstige tydstip wat nie huidig gesien kan word nie (*a future point in time that cannot be seen from the present time*); die punt (tydstip) waar dit verdwyn (*vanishing point*).
- Die betekenis van *olam* is ook gekoppel aan die Hebreeuse woord *netsach* (H5331) en beteken: *doelwit*, asook *om op pad te wees na 'n helder voorwerp wat in die verte gesien kan word*.

Volgens die *Ancient Hebrew Lexicon* van Jeff Benner (no. 2544) beteken *olam*: *A distant time in the past or future, as a time hidden from the present.*

Die vraag ten opsigte van bogenoemde teksverse is dus: Wat is ewigdurend en wat was daardie toekomstige tydstip (daardie doelwit en helder lig) waar dit wat *vir ewig* was nou verdwyn het? Anders gestel: Wat het gebly en wat het verdwyn?

Die antwoord vind ons in die brief aan die Hebreërs, veral hoofstuk 7 en 8 waar die verandering in die priesterskap (die wet – Heb. 7:12) verduidelik word.

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese

priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Heb. 7:11 tot 14

Die Levitiese priesterskap het na 'n toekomstige tydstip wat nie gesien kon word nie verwys (*a future point in time that cannot be seen from the present time*); die punt (tydstip) waar dit sou verdwyn (*vanishing point*) en die 'helder voorwerp' wat in die verte geskyn het. Daarom was die Levitiese priesterskap *olam* tot die tydstip waar dit verdwyn het.

Die Levitiese priesterorde kan ook gesien word in die lig van Paulus se verduideliking van Mose se sluier in 2 Kor. 3:5 tot 18. Paulus vergelyk die bediening van die wet (Torah) met die bediening van die Gees.

Hy open sy vergelyking van die twee bedieninge met die woorde: *En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlijkheid was,... hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie* (verse 7 en 8). Paulus verduidelik dat die wet (letters op klip) ooreenkom met die bediening van die dood omrede YHVH se wet die mens aankla, skuldig bevind en vonnis. Daarom is die loon van die sonde die dood (Rom. 6:23). Die probleem is dus nie die wet nie, maar wel die mens wat nie die wet (die Torah) kon onderhou nie.

Paulus sê egter dat hierdie wet het wel met heerlijkheid gekom *sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan* (vers 7). Hierdie heerlijkheid is die majesteit (prag, glans en grootsheid) van YHVH en van dit wat aan Hom behoort as die Koninklike Opperheerser en wat spreek van die absolute volmaaktheid van YHVH. Paulus bevestig dus dat die wet, naamlik die Torah wat YHVH se onderrig en instruksies en waarvan die Levitiese priesterorde deel is, die heerlijkheid, majesteit en volmaaktheid van YHVH is. Hierdie heerlijkheid (prag, glans en grootsheid) was sigbaar op die gesig van Moses tot so 'n mate dat hy sy gesig moes bedek.

Paulus sê egter dat hierdie heerlijkheid uiteindelik *tog moes vergaan – dit moes verdwyn*. Waarom? Dit moes plek maak vir 'n groter en blywende heerlijkheid. Wat is hierdie heerlijkheid wat groter is as die wet (as Torah)? Dit is Yeshua Messias die Melgisédék – die Koning en Hoofpriester van YHVH se Koninkryk. Daarom skryf Paulus:

As die bediening wat veroordeel, in eer, lof en grootheid was, hoeveel meer is die bediening wat onpartydig opreg maak, oorvloedig in eer, lof en grootheid, want as gevolg van die alles oortreffende eer, lof en grootheid, is, wat vroeër eer, lof en grootheid was, ook nie meer in eer, lof en grootheid nie, want as daar eer, lof en grootheid was in wat moes vergaan, is daar baie meer eer, lof en grootheid in wat bly. 2 Kor. 3:9 tot 11.

Die eer lof en die grootheid van die Levitiese priesterskap moes dus vergaan sodat die Melgisédék prieterskap herstel kon word, want dit het 'n blywende (ewigdurende) eer, lof en grootheid!

Daarom lees ons in Heb. 8:13 die volgende:

Deurdat Hy sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging. Heb. 8:13.

Die 1953 vertaling stel dit soos volg:

As Hy sê 'n nuwe verbond², het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

Opsomming: Die Levitiese priesterskap was dus 'n tussentydse maatreël en het na 'n toekomstige tydstip wat nie gesien kon word nie verwys. Dit het heengewys na 'n toekomstige tydstip waar dit sou verdwyn. Dit het heengewys na die helder lig van YHVH se groter heerlikheid in Yeshua as ons Melgisédek. Daarom was die Levitiese priesterskap *olam* tot die tydstip waar dit verdwyn het.

Die tydstip waar die Levitiese priesterorde dus verdwyn het, was met die folterdood en opstanding van Yeshua!

Sien dit ook in die lig van Heb. 11:1.

Vertroue is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie.

Die Melgisédek priesterskap van Yeshua, en ons as Sy koninklike priesterdom, is die openbaring van daardie dinge wat nie gesien kon word nie, maar nou vervul is. Yeshua ons Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek is die ewige priesterskap van die ware Israel, naamlik elkeen wat glo dat Yeshua in die vlees gekom het.

Bepeins of Bespreek

1. Yeshua het self getuig dat Hy Koning van die hele Israel (Jode) is (Matt. 27:11). YHVH het self aangaande Yeshua getuig: *U is 'n nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek* (Ps. 110:4). Dit ten spyte het Rabbynse Judaïsme vir Yeshua verwerp as hulle Koning en hulle ewige Melgisédek Hoëpriester. Rabbynse Judaïsme rebelleer dus teen YHVH en ontken Sy aanstelling van Yeshua as Koning en Hoëpriester! Nou is die vraag:
 - Hoe kan Rabbynse Judaïsme dan nog erken word as die gesagsowerheid aan wie almal wat glo dat Yeshua in die vlees gekom het, onderdanig moet wees? Is die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme) wat YHVH-God se Seun verwerp het, gestroop van al hulle gesag na Yeshua se folterdood en opstanding? Het hulle steeds die outoriteit van YHVH om byvoorbeeld die kalender te verander het soos wat Rabbi Hillel II wel gedoen het?
 - Aan wie het Yeshua Sy outoriteit en mag oorgedra? Aan die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme) of aan Sy volgelinge? Verwys Matt. 16:19; Matt. 28:18 tot 20;
2. Sedert die vernietiging van die tweede tempel tot op hede (sowat twee duisend jaar) het die Jode (huis van Juda) geen koning of enige vorm van Torahregering nie. Daar was ook

² Let wel die woord *verbond* kom nie in die oorspronklike Skrifte voor nie en is deur die vertalers ingevoeg. Hierdie teksvers verwys dus nie na die verbond nie, maar wel na die verandering in die wet ten opsigte van die priesterskap soos in Hebreërs 7 verduidelik word.

geen hoëpriester of priesterdiens of offerandes nie. Yeshua se woorde aan hulle was: *Julle huis word verlaat en woens gelaat* (Matt. 23:38). Hierdie woorde het waar geword en sal nie deur die pogings van mense (Rabbynse Judaïsme) verander word nie. Yeshua sit op die troon van Dawid (Jer. 9:5 en 6) en Yeshua is die Melgisédek Hoofpriester in die Hemelse Tabernakel (Heb. 9:11 en 12). Het ons dan 'n ander Koning en Hoofpriester as Yeshua Messias nodig? Sal YHVH terugkeer na dit wat 'n skaduwee was van die groter heerlijkheid in Yeshua?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Sien skets op bladsy 9!

BET-EL

Die Woning / Huis / Tabernakel van JHWH en Sy Torah

